### *Mathael gee verdere uitleg*

**129** **Mathael** sê: "Jy het gelyk, maar beide ander ook, want dit is `n baie persoonlike kwessie! Jy en Miga kom, wat julle siele aanbetref, van `n ligte ster. Beide ander is kinders van hierdie aarde, maar met dieselfde regte op die Liefde en Barmhartigheid van die Meester soos julle! Julle siele staan reeds vanaf die oerbegin digter by die suiwer geestelike, as die siele van Rob en Bos, en daarom is dit nie snaaks dat hulle hier, waar ons onsself so dig by die suiwer geestelike bevind, hulle vreemder en onaangenaam voel as ons, wat al vanaf die oerbegin digter by die geestelike gestaan het as hulle. Langsaam maar seker sal hulle hul ook meer tuis begin voel en dit gebeur nou al, maar `n dag kan nie dieselfde te weeg bring as `n jaar nie. Oor `n jaar, as hul gees meer en meer één geword het met hulle siel, sal hulle baie anders voel en sal hulle baie anders praat as nou. - Verstaan jy die wysheid?

[2] **Sahr** sê: "O, dit verstaan ek nou beter, want my siel het tog ook deur die groot leed wat ons ondergaan het, baie verlig geword, en ek verstaan alles nou maklik. Net die meisie met haar reis na die vaste sterre wil nog nie so ten beste by my insink nie, hoewel ek die kind glo en haar in sekere sin ook móet glo. Maar die manier waarop, is `n ander saak!

[3] Wel, ons is nou egter in `n sekere sin in die sentrum van die allerhoogste, goddelike handelinge. Waarom sou daar so dig by die allerhoogste Elohim geen dinge kan gebeur, wat nêrens anders in die hele oneindigheid te sien is nie?!"

[4] **Mathael** sê: "Jy bring met jou gewektheid wel sake na vore, wat vir `n mens meer sê as `n hele tempel van Salomo vol van die suiwerste wysheid! Ook ons Miga het baie bruikbare dinge gesê, en ons moet hom ten beste erkenning daarvoor gee. En so, broer Sahr, het jy nou die moontlikheid van `n liggaamlike reis van die meisie na `n aantal vaste sterre, op so `n manier duidelik gemaak, dat ek nou gladnie meer kan twyfel aan dieselfde moontlikheid nie. Dit is werklik heeltemal waar; ons hoef maar net te bedink waar ons nou eintlik is, en alles wat maar moontlik kan wees, lê duidelik sigbaar vir ons oë, ore, hande en voete!

[5] Maar die opmerking wat één van julle gemaak het dat `n mens hom die oneindige mag van die goddelike gees makliker in `n liggaamlike reus kan voorstel, as in die ietwat kleiner, manlike gestalte van die Meester, geld weliswaar vir die sintuiglike waarneming, omdat iets kolossaals altyd `n groot indruk maak op die menslike sintuie, as iets kleins, maar geestelik geneem is dit louter onsin. "Want die goddelike krag het nie die stoflike nodig om daarmee, moontlikerwys na die mate van die hoeveelheid materie, meer of minder uitwerking te kan hê nie. Die materie is op sigself slegs iets wat getuig van die geestelike krag van die goddelike wil, vir wie dit niks pla of hy nou `n hele wêreld of `n sandkorreltjie geskep het nie. Wat sou die nut wees van `n liggaamlike reusegestalte? Die goddelike wil het tog slegs in homself `n ewige onveranderlike steunpunt nodig om vanuit, via eindelose strale, oral in die eindelose wêrelde- en wesensruimtes met gelyke krag en sterkte te werk, en om plek te bied aan die heilige, ewigdurende almagtige steunpunt, hy het werklik geen reuseliggaam nodig nie.

[6] Die Egiptenare het wel bykans alles wat enigsins betrekking gehad het op die godheid, wel deur verskriklike groot vorms afgebeeld om die slawevolk, wat blind moes bly, te imponeer. Hulle moes die godheid ontsettend vrees, en vir die uitsprake van die priesters baie berouvol bewe soos blare vir die storm! Maar het hierdie reusagtige afgodsfigure die gewone volk verbeter? O nee, met die loop van tyd het die volk aan die verskriklike gestaltes gewoond geraak, en `n dertig manshoogte bo die aardbodem uitstekende sfinks-kop het dit gladnie meer gedoen nie. Hulle het meer bewondering gehad vir die geduld van die een of ander ou beeldhouer, wat op één slag `n kop gemaak het uit `n enkele stuk graniet.

[7] Laat ons daarom bly wees dat die Meester nou Self in die volle en naakte waarheid as `n baie eenvoudige mens, wat deur geen enkele besondere, uiterlike hoedanigheid opval nie, ons besoek het, en ons almal op die eenvoudigste wyse ter wêreld ons bestemming, onsself en Hom baie waaragtig laat leer ken het! Slegs dit is vir ons belangrik en oor al die ander kan nog vir ewig beraadslaag word."

[8] **Sahr** sê: "Dankie broer, dit is baie waar en goed! Ons het ons nou wedersyds in die Naam van die ewige Majesteit en Meester baie nuttig versterk, en in die tussentyd het dit al mooi lig geword. Maar ek sien dat nou teen sonsopgang, elkeen ingeslaap het behalwe ons, - en ek moet toegee dat ek ook nie die minste spoortjie van vermoeidheid voel nie, en julle blyk ook almal heeltemal fris te wees!"

[9] **Almal** sê: "Volmaak! So verfris het ons onsself eintlik nog nooit gevoel nie!"

### *Die werke van die engele*

**130** Toe stap **Rafael** na vore en sê: "Ek slaap ook nie, en tog het julle gesê dat elkeen behalwe julle nou slaap!"

[2] **Sahr** sê: "Vriend, dat jy nie slaap, en ook gladnie en nooit kan slaap nie, dit sal wel vir elke mens duidelik wees wat jou so goed ken as ons! Jy kan jou die opmerking dus gevolglik bespaar. Kyk, beste engel, dit is voldoende dat ons mense nog ietwat dom is, en ons hoef van jou kant werklik nie gehelp te word om nog dommer te word as wat ons van nature reeds is nie. Jy kan ons egter, gesien jou onmeetlike wysheid en ervaring, wat ouer is as die heelal, in menige opsig uitstekend onderwys gee!"

[3] **Rafael** vra: "Wie is ek dan, dat ek geen slaap sou hê nie?"

[4] **Sahr** sê: "Asseblief, hemelse vriend, gebruik nie sulke hoogdrawende taal nie! Jy is `n engel van JaHWeH uit die hemele, wat hier tydelik deur die

Meester `n verligte liggaam gekry het! Hierdie liggaam kan jy bliksemsnel afwerp en vernietig!

[5] Jy is `n baie ander wese as ons, wat liggaamlik nog altyd sterflike mense van hierdie aarde is. Jy is nooit gebore nie, jy het buiten JaHWeH Elohim nooit soos ons `n vader en `n moeder gehad waardeur jy verwek is nie. Jy ken sedert ondenkbare tye maar net onmeetlike saligheid. Smart, leed en droefheid en die bittere berou ken jy maar net by naam, maar nie uit eie ervaring van jou wese nie, en met mense kan jy daarom in alle waarheid gladnie oor aardse, menslike dinge praat nie. Jy kan maar net met ons oor suiwer geestelike dinge praat, wat ons ook baie dankbaar van jou sal aanvaar, want jy is tuis daarin, maar oor liggaamlike dinge kan jy nie praat nie, omdat jy nog nooit in `n liggaam gely het nie!"

[6] **Rafael** sê: "Kyk, kyk, wat jy nie alles weet nie! Ook al sou ek nooit `n liggaam gehad het nie, dan ken ek tog die liggaam, en elke veseltjie daarin, beter as wat jy ondanks alle ywer in `n duisend jaar sou kon leer!

[7] Moet ons engele nie vir alles sorg wat ook maar enigsins te make het met die wese van `n mens, vanaf sy ontstaan tot met sy heengaan van hierdie aarde nie?!

[8] Is ons nie die wat julle siele louter, deur in julle liggaam pyn en lyding te veroorsaak en dit gereed te maak vir die opname van die gees uit Elohim nie, en sou ons dan niks weet van julle uiteenlopende siektes en pyne nie?! Wat moet daar in jou kop omgaan om my so iets te kan verwyt!?

[9] Neem maar van my aan dat ons engele ook verdriet en smart kan voel! En ek sê vir jou dat ons wel meer verdriet en smart deurstaan as julle, wanneer ons altyd maar moet ondervind dat die hardnekkige mense al ons groot inspanning onder gespot en gehoon en met smerige voete vertrap, en ons altyd die rug toekeer.

[10] Vriend, sou jy soveel geduld gehad het met `n mens wat heeltemal aan jou sorg toevertrou was, en wat jou altyd met die grootste weldade oorlaai, maar wat jou uitermate verag daarvoor, en niks van jou wil hoor of weet, en bowendien altyd sy hele denke en dade daarop rig om van jou, as sy grootste weldoener en vriend, weg te kom, jou vir al jou sorg en moeite vir sy heil moontlik nog nadeel te berokken, jou goeie naam in diskrediet te bring, en jou voor te stel as `n sluwe verraaier!? Sê my eers, wat sou jy met so `n mens gedoen het as jy so iemand soos Cyrenius was! Sou jy genoeg geduld gehad het om so `n booswig tot aan sy dood met baie geduld, kalmte en sagtheid te behandel?"

[11] **Sahr**, wie se oë rek tydens hierdie woorde van die engel, sê: "Nee, vriend! So `n geduld sou ek in my lewe nie hê nie! Sonder krag sou ek al geen geduld daarvoor hê nie, laat staan met krag!"

[12] **Rafael** sê: "Sien jy, en ek het soveel onbegrensde mag en krag dat ek in 'n ommesientjie hierdie hele aarde, die maan, die son en al die sterre wat vir jou oë sigbaar is, almal verskriklike groot hemelliggame, in `n oogwink kan verwoes en heeltemal kan vernietig, en tog het ek uit eie vrye wil altyd so `n geduld met die onhanteerbare mense van hierdie aarde!

[13] Maar dit is nog niks nie en `n maklik boosheid om te verdra; dink egter die voortdurende, weerspannige gedrag van satan en sy engele eers in, wat, terwyl hulle self baie magtige geestelike wesens was, altyd die bose plan koester om nie net vir ons nie, maar ook vir Elohim te vernietig en om Hom al Sy mag te ontneem!

[14] Dit mag natuurlik in ewigheid nie gebeur nie! Maar hoe dit ookal sy, die onuitroeibare, bose plan is nou eenmaal daar en hulle hou nie op om dit ten uitvoer te bring nie. Hulle ly wel altyd die ergste smart en pyn daarvoor, wat hulle self vir hulle deur hul kwaadwilligheid op die hals haal, maar dit bring hulle nie so van stryk dat hulle vir goed hul boosheid die rug toekeer nie.

[15] Kyk, ons sien dit alles en het die mag om hulle nie net baie gevoelig te straf nie, maar om hulle ook vir ewig heeltemal te vernietig, sonder dat ons aan Elohim verantwoording daaroor hoef af te lê!

[16] En tog behandel ons hulle, as ons gevalle broers, met alle geduld en begrip en lei alles maar net so, dat hul vrye wil nêrens deur ons belemmer word nie, maar altyd vry is en bly. Ons verhinder wel altyd baie sorgvuldig die verdere invloed daarvan. Vriend, wat sou jy dan gedoen het onder sulke omstandighede?"

[17] **Sahr** sê: "Ek sou soos `n beer op hulle toegeslaan het en dan sou ek wel eers wou sien of sulke geestelike beeste my nie sou gehoorsaam nie, veral as ek met jou mag en krag kon doen wat ek wou!"

[18] **Rafael** sê: Maar verstaan jy nou, dat die bestaan van `n engel van Elohim nie so maklik is soos wat jy jou dit voorgestel het nie, en dat ek die beste besef het van die streng menslike, en dit ook ken en daarom met julle ook daaroor kan praat?!"

[19] **Sahr** sê: "O ja, dit sien ek nou baie goed in. Maar sê nou net vir my nog of jy verplig is om hier te wees en of dit ook jou eie vrye wil is?"

[20] **Rafael** sê: "O ja, ek is heeltemal vry om julle dadelik te verlaat, maar ek wil by julle bly omdat dit die Meester welgevallig is. Wat vir die Meester aangenaam is, dit wil ek, en daarteen kan ook Elohim Self nooit iets doen nie, want daarop berus die instandhouding van al die geskapene, waarvan jy ondanks al die tallose talle sterre wat vir jou sigbaar is, nog nie eers `n eonste* deel sien nie, om nie eers te praat van die eindelose totaliteit en die wese daarvan nie! *(* opmerking van Jakob Lorber : `n eon is die derde mag van `n één met sestig nulle.)*

[21] Maar nou sal die son weldra opkom en die Meester terugkom, dus sal ek weer al my aandag rig op wat Hy verlang!"